KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Jaargang 45 Nr 32 23 Augustus 2020
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

# Grendeltyd Fase 2
# Eredienste

Noudat ons in Fase 2 is van die grendeltyd, begin ons stadig maar seker weer terugkeer na die "normale" lewe. Maar wat is normaal? Normaal is nie net om te doen wat ons altyd gedoen het nie, maar normaal is die intense begeerte om die Here **VOLUIT** saam met jou medegelowiges te dien.

Psalm 84 verwoord die intense verlange van die pelgrims om na die tempel te gaan en daar in die nabyheid van God, Hom te loof en te prys. Die tempel was die simbool van die Here se teenwoordigheid. Die pelgrims was in 'n vrolike feesoptog vir die moontlike Huttefees. Op die lang en intense reis was daar 'n intense verlange om in die tempel te wees.

So het ons die afgelope drie en 'n halwe maand gesmag om weer saam in 'n erediens te vergader. Hierdie reis van die pelgrims was ook simbolies van die verlange om vir ewig by God te wees, 'n verlange na die ewige Godstad, die Nuwe Jerusalem, Open 21,22. Die Koragiete kon slegs in die voorhof van die tempel kom. Dit was vir hulle egter genoeg, hulle was in die tempel.

Maar geliefdes, tydens Jesus Christus se kruisiging het die voorhangsel geskeur en het ons vrye toegang tot by God. Heb 10:19-25. Deur Jesus Christus se soenverdienste heen het Hy vir ons die weg gebaan om by God te wees, om God te aanbid. Die Heilige Gees is uitgestort sodat ons ook deur Hom gelei, kan word in gebed, in ons daaglikse lewe om met verlange uit te sien om God elke dag te loof en te prys.

Ons lees in Open 21:22 dat daar nie 'n tempel in die Nuwe Jerusalem is nie, maar God en die Lam is die tempel. Daarom die hunkering om by God te wees. Daar is ook die hunkering om by God te wees saam met my medegelowiges.

**Sien jy ook uit om saam eredienste te kan hou tot eer van God!**

ds Gerrit

